
# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

November 2019




FOR THE LOVE AND CARE OF FANCY PIGEONS / VIR DIE LIEFDE EN VERSORGING VAN SIERDUIWE

OFFICIAL MOUTHPIECE OF SAFPA / AMPTELIKE MONDSTUK VAN DIE SASV



## Indeks / Index


Editors Page / Redakteur se blad 2
Editorial / Redaksioneel 3
Alfa en Sierduiwe - Awie Esterhuizen 4
OP Duiwedag 2019 - Danie Strydom 6
Duiwestokperdjie - Alfa - Awie Esterhuizen 8
Noordkaap AJV - Elbé Visser 9
Nas Jeugskou 2019 - Awie Esterhuizen 11
Scoreboard and Rules 12


## Birthdays


**J010 - Celest van Zijl - 01-Dec**
**J030 - Ertjies v Tonder - 03-Dec**
**D011 - Dean Dreyer - 09-Dec**
**N040 - Neil Raw - 11-Dec**
**D020 - Gerald Holding - 12-Dec**
**K009 - Nico v Pletzen - 16-Dec**
**H073 - Natalie Neethling - 16-Dec**
**H072 - AJ vd Walt - 21-Dec**
**A026 - Nico vd Westhuizen - 23-Dec**
**W007 - Gawie Gertenbach - 26-Dec**
**K040 - Johan Botha - 27-Dec**
**C036 - Charl Naudé - 28-Dec**
**W017 - CD Cillie - 29-Dec**
**V029 - Wietz van Zyl - 29-Dec**
**D018 - Johannes J v Vuuren - 30-Dec**
**K014 - Johnny Rudman - 30-Dec**

***Ill members***

Neil Raw (KZN) and Rubie Small wife of Awie Small (Easter Region)
Please keep them and their families in you prayers they are very ill at this stage.

***Deaths***

*Frik Knoetze*




***Harvest Christian School learner, Hannah Shrosbree recently competed in the Eastern Cape Chanpionships in East London. She is now the Eastern Cape 1.1/1.2m show jumping pony rider champion for 2019. In addition to this she is also the Estern Cape reserve champion for open equitation. She has the following standings: Pony rider 1.0m jumping, ranked 1st in South Africa. Pony rider 1.1m jumping ranked 15 in South Africa. Point rider 1.1m jumping 3rd in South Africa.***


**Advertisement Costs**
**Businesses and non SAFPA members**
**Quarter page - R250 - Half page - R450 - Full page - R850**


**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**





## National Editor
## Cora Munnik

Die boekie is weereens bietjie laat om verskeie redes maar een van die grootste is die artikels wat nie betyds inkom nie en maak dat ek eers die boekie laat begin aanmekaar sit.

Toe Kobus Snyman oorlede is het ek gevra julle moet asseblief vir my iets oor hom skryf sodat ons hom kan onthou vir die toekoms, die man het beslis diep spore getrap of dit nou goeie of slegte spore was maak nie saak nie. Christo Munnik was die enigste een wat dit gedoen het, ek het wel 'n belofte van Chris vd Walt gekry vir 'n artikel maar tot nou toe nog niks nie. Ek is seker daar is nogsteeds lede wat wel iets oor om kan skryf dan kan ek dit nog steeds plaas, ek vra mooi, asseblief tog.

Frik Knoetze is ook oorlede en ek vra weer die lede om asseblief tog vir my iets oor hom in te stuur. Christo Munnik het weer belowe hy sal vir my iets gee want hy en Frik het ook 'n lang pad saam geloop, vanaf 1976 toe hy aangesluit het by die SASV. Help asseblief veral die ou manne en vroue wat hom geken het.

Nog 'n probleem wat ek het, is dat daar mense is wat vir my sal artikels instuur maar deur die UK soort van verbied is in Christo se tyd. Ek praat van At Nigrini hy wil baie graag weer artikels instuur maar ek het vir hom gesê hy moet maar eers weer wag tot ek dit met die UK uitgeklaar het.

Ek het ook besluit om soos Christo en Kobus lank gelede gedoen het, die Roller- en Resiesduif uitslae van klubs van lede wat kompetisies vlieg te plaas. Dan sal ons ook kan sien hoe die duiwe op ander gebiede buite die skoue presteer.

Ek wil ook vra dat lede wat met kleur projekte besig is op byvoorbeeld die Working Homer, die vordering en dan die finale produk sal begin plaas sodat lede dit kan lees en verstaan hoe moeilik dit partymaal is om dit reg te kry. Kom nou Danie Swart en Johan Nel help 'n bietjie. Ek verstaan van Christo dat die Homerklub gevra het of hulle nie 'n afdeling kan kry om gekleurde Resiesduiwe te skou weg van die regte Working Homer want die gekleurde duiwe is nie altyd van sulke goeie gehalte as wat die regte Resiesduiwe is nie. Ek dink dit sal dalk help om sulke besluite by die Seniorbeoordelaars en Beoordelaarsforum verby te kry.

Hiermee rig ek die versoek dat julle asseblief vir my artikels instuur van julle doen en late in die broeihokke. Wat gebruik julle vir nesmateriaal, tipe neste, broeimengsels vir die voer van babas, wanneer ent julle die babas teen paramixo en wanneer word babas gespeen? Hierdie is maar voorbeelde wat ek graag sal wil plaas en so kan nuwe lede ook iets leer.

Dankie aan almal wat wel artikels stuur en my in staat stel om die Sierduif op die blad te kry.




**GJ van Aswegen**
**Teel met Norwich Croppers en**
**Working Homers**
**Kontak besonderhede:**
**Sel: 082 921 1747**
**e-mail: gjtlofts7@gmail.com**




**Banking details**
**Account Name SAFPA**
**Standard Bank Tyger Manor**
**Branch Code 05-04-10-41**
**Account Number 272 692 794**

**National Ringmaster**
**Available**
**Monday to Saturday**
**08:00 to 20:00**
**Sunday after 14:00**


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229






## *ALFA en Sierduiwe*

***Awie Esterhuizen***


So het die veelbesproke ALFA uitstalling ook gekom en gegaan. Om vir die tydperk 'n uitstalling in die Parys Dome te kon doen vir ons stokperdjie was 'n absolute fees. Die SASV het 'n "Prime Spot" in die "Shoot" gehad.'n Groot dankie aan ALFA en ook Hinterland wat die geleentheid moontlik gemaak het om die Duif aan 'n groot klomp mense bekend te kon stel. Aan voete was daar ook geen tekort nie en ons was letterlik besig. Soms was ons drie, drie te min om al die



vrae te kon beantwoord. Die kinders en dan weer




die kinders en hul ouers het ons besig gehou. Die groot lekkerte van dit was dat ons die "Shoot" met al die kleinvee, pluimvee en ook die miniat-



**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**

**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

uur perdjies gedeel het. Van die Nasionale Jeugskou skole was ook genooi om uitstallings vir die



advertensie te doen en was ook in die "Shoot". Van die skole se kant af was daar ook positiewe belangstelling in die aanhou en skou van



Sierduiwe. Dit was skokkend hoe min skole bewus was van die hoeveelheid verskillende duiwerasse wat in ons Hobby is. Almal is daar weg met 'n beter prentjie van die Sierduif-wêreld.

Daar was baie navraag na Fantails en met die Fantail Klub se veiling op hande kon ons almal soontoe verwys. Die rasse wat die meeste aandag getrek het was die Fantail, Kropper, Mookee en Barb en so kan daar afgegaan word op die lysie. Ons het spasie gehad om 16 Rasse te kon uitstal plus dan nog 'n groot verskeidenheid van duiwe op die Streek se "X-banners" en op die skerm. Selfs die Barb het 'n kompliment gekry. 'n Jong dame het gevra of die Barb darem 'n mooi binneste het. (Ek was so geskok en kon darem 'n verbou-



reerde "Why" uitkry). Wel, haar antwoord was dat dit seker moet wees want hy is ....lelik van buite.

Die grootste hoogtepunt was beslis die Gala funksie. Mens moet daar wees om dit te waardeer. Dis hoendervleis mooi. Die top aanwysings in die Beesrasse word aangewys en die beweeg dan deur die rye tafels. Net die beste van die Bestes in die land was daar. Dan ietsie vir die kies. Oom Cyril Jasper en Esje Visser val ook sommer in onder die top 10 kleinvee Boere in die land. Baie geluk, wys net dat Duiweboere kan darem met ander gedoentes ook boer.

Die laaste maar nie die minste nie sê ons dankie aan Alex en sy span studente wat die "Shoot" hanteer het. Julle was tops. Wat 'n voorreg, eer en genade wat ons uit die Hemel ontvang om ons liefde vir ons duiwe na die res van die wêreld te kan dra.



Duiwegroete


**President**
**Chris de Bruin**
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**

Old German Owl Club · S.A.F.P.A Specialist Club

**Sekretaris**
**Peet Botha**
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail: peetsandra@vodamail co.za**



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## *Oostelike Provinsie duiwe dag 5 Oktober 2019*:

Danie Strydom

Die tyd vlieg en dit is alweer ons laaste duiwe dag vir die jaar by Johnny en Marie Rudman in Beachview. Die opkoms was weereens nie groot nie, maar daar was heelwat lede. Joseph Pienaar van Graaf Reinette het sy eerste duiwe dag in 2 jaar bygewoon, ons is bly hy het gekom, so nou kan daar darm 'n gesig by die stem geplaas word. Maar die lede wat op gedaag het, het die dag lekker gemaak, want ons soek verskoning om saam langs die braai vleis vuur te sit en die sizzle geluid van die vleisie op die vuur te hoor.




*Danie Strydom en Joseph Pienaar staan en idees uitruil.*



Die duiwe dag het begin met 'n Bestuurs Vergadering en daar was krappigheid gewees, maar almal het dit soos groot mense uit gesorteer in 'n goeie gees, waar is daar nie kommunikasie probleme en krapperigheid nie, glo nie daar is een klub wat almal altyd oor alles saamstem nie. Soos een van ons bestuurslede altyd sê "agree to disagree", maar in 'n goeie gees. Daar is glad nie 'n tekort aan entoesiasme nie. Na die vergadering het ons lekker begin kuier en die braaivleisvure is aangesteek. Ons het begin om ons beplanning van die AJV kos langs die vuur te doen en almal het lekker aan die gesprek deel





**South African Blower Club**
**Suid-Afrikaanse Blaasduif Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We promote the following Blower Breeds**
**Ons bevorder die volgende Blaasduif Rasse**

**Brunner Pouter, Norwich Cropper, Dutch Cropper, English Giant Pouter, Pomeranian Pouter, Holle Cropper, Pigmy Pouter, Reversewing Cropper, Ghent Cropper, Czech Ice Cropper, Voorburg Shield Cropper, Gorguero Pouter, Elster Cropper, Hana Pouter, Bavarian Pouter, Saxon Cropper, Marchenero Pouter, Lille Pouter, Canaria Cropper, Thuringian Cropper, Valenciana Pouter**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Jan Labuschagné Cell: 083 491 2919**
**Sekretaris: Dirk Scholtz - Cell: 082 452 4229**








En so lyk die OP Streek se span agter vlnr: Es vd Berg, Ankia vd Berg, Cara Lee vd Berg, Johnny Rudman, Herbie, Pearl en Danie Strydom, Marie Rudman, Shaun Shrosbree, Botjie Rudman, Johan Botha en Andrè.Voor vlnr: Thea vd Berg, Ryan vd Schyff en Joseph Pienaar.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

**Jaco Fick - B080 Breed with:**

**Birmingham Roller, Oriental Roller, Felegyzahaer Tumbler, Frillback, Indian Fantail, English Fantail, English Trumpeter, Old German Owl, Blondinette, Barb, Old Dutch Tumbler, Runt, Carrier, Egyptian Swift, Norwich Cropper, Brunner, Maltese, Silician Swallow, Modena, Chinese Owl, Ice Pigeon Muffed, Archangel, Lahore, American Showracer.**

**Contact information: Cell: 079 6761 6548**


neem. Van die lede het gesê nie weer ‘n bring en braai nie, ander het lasagne voorgestel, en natuurlik het Danie Strydom weer dwars getrek en gesê



hy sal eerder Mc Donalds hamburger langs die pad koop, almal het gelag. Toe uit die bloute kom daar ‘n donasie van een van ons lede dat hy ‘n skaap sal skenk vir ‘n spitbraai. Almal het baie van die idée gehou en amper vir ou Joseph Pienaar ‘n soen gegee. Was nie lank nie en Joseph het aan Johan gekarring en Johan skenk ons toe ‘n vark, maar die vark sal ons op ‘n latere geleentheid op die spit sit. So die manne wat lus is vir spitbraai kan maar kom duiwe skou op ons OP Streek skou Mei 2020. Dit is baie lekker om so groep mense in jou span te hê. Dit was weereens ‘n baie lekker dag wat spandeer is saam met die duiwe familie.

Almal het vir Johnny en Marie bedank vir hulle gasvryheid en die lekker dag wat hulle vir ons aangebied het. Van die lede het so 16h00 gegroet, maar die Bestuurslede het tot na 17h00 gekuier. Toe het die gelag eers begin, want Thea het vir ons een van haar skandes vertel van toe sy jonger was en Johnny van Marie se skandes van baie jare terug. Ons het so gelag dat die trane geloop het. Maar dit is ons lede se skandes en bly tussen ons in die OP Streek, want ons mag vir mekaar lag en nie ander streke nie. Die paar wat nog daar was het verdaag en nou sien ons uit na die AlgemenegeJaarvergadering op 16 November. Daar gaan nog harde werk in gesit moet word, maar met lede soos hier in die Oos Kaap, sal die Algemene Jaarvergdering en Jaareindfunksie ‘n vet sukses wees.

Duiwe groete





## *Duiwestokperdjie by ALFA*

Awie Esterhuizen

Ons het al baie gehoor van die ALFA – ekspo maar niemand het werklik geweet waaroor gaan dit nie. Van 17-19 September het Wes-Transvaal daar duiwe gaan uitstal en meer mense bewusgemaak van ons stokperdjie. Was dit nou vir jou ‘n belewenis gewees!

Ons stalletjie was in die “Shoot” wat die hoof deurgang na die Dome was. Deurgaans was daar voete wat deurgeloop het en later weer teruggekom het om iemand anders die verskillende duiwe te kom wys. Met 16 verskillende rasse was dit nogal interessant om te sien dat daar 4 rasse was wat dadelik die mense se aandag getrek het; naamlik Fantail, Norwich Cropper, Barb en Mookee. Die kinders het


**MODENESERKLUB VAN S.A.**
**President: Jan Lombard - 083 274 1014**
**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**
**DIE PERFEKTE RAS:**
**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne alle lede se bereik te plaas.**
**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves?**
**The perfect bird!**



**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**
**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**

veral van die Shield Croppers en Norwich Croppers gehou omdat hulle “dans” as hulle met hulle praat.

Daar het die snaakste name vir van die duiwe uitgekom waarvan ‘n Porraduif (African Toy) sekerlik die beste was. Ons was verskeie kere deur die DBV besoek en het net goeie terugvoer ontvang. Dit was verbasend hoe baie mense die stalletjie gekomplimenteer het, van die manier hoe ons ons uitstalruimte ten volle benut het tot die inligting wat beskikbaar was.

Daar was verskeie skole wat in verskillende Jeugskou kategorieë deelgeneem het watgevra het dat daar volgende jaar plek sal wees dat hulle hul duiwekinders ook kan saambring. Daar is selfs skole wat beplan om die duiwe afdeling deel te maak van hulle Jeugskouspanne.



***Algemene Jaarvergadering van Noord-kaap Sierduifstreek gehou op 12 Oktober 2019 te Upington.***
Elbé Visser

Groot dank aan Phillip Lee wat alles gereël het. Van Wes-Transvaal se kant af kan ons net sê dat definitief die moeite werd is om die duiwe daar te gaan uitstal. Dis ‘n ideale plek vir bemarking en om mense bewus te maak van ons stokperdjie. Hulle sê gaan groot of gaan huis toe, wel ons kies elke keer die GROOT; nie vir ons nie maar vir die liefde en versorging van Sierduiwe.



**1. Opening en verwelkoming:**

Seppie Esterhuyzen open met gebed en verwelkom alle lede.

**2. Presensielys:**



**Teenwoordig:**
Dawie van den Heever
Seppie Esterhuysen
Diedie Esterhuysen
André Bruwer
Elbé Visser
Hendriena Swanepoel
Johandri Swanepoel

**Verskonings:**
Franco Koen
Rodney Stevens
Esjay Visser
Rudi Viviers
Rudi Viviers
Bennie van Niekerk

**3. Lief en leed:**

Rodney Stevens is getroud tydens ons streekskou. Esjay Visser het verloof geraak. Baie geluk aan die twee lede.



**Chris de Bruin**
**Teel met Cauchois, American Giant Runts, Strassers, Swiss Mondains & Gros Mondains.**
**Kontak besonderhede:**
**Tel: 012 8191594 (n/u), 012 4200181 (k/u), e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

4. Notule uit vorige vergadering:

Notule van vergadering gehou die 22ste Oktober 2018 word goedgekeur op voorstel van Hendriena Swanepoel / sekondant Diedie Esterhuysen.

**5. Sake uit notule:**

**5.1 Kriteria vir nasionale kleure:**

Hendriena het tydens die Uitvoerende Komitee vergadering, Januarie 2019, navraag gedoen of Nasionale Kleure nie ook toegeken kan word om erkenning te gee vir langdiens nie.

Die grondwet bepaal dat slegs teling, beoordeling en administrasie kwalifiseer vir Nasionale Kleure. Daar word erkenning gegee aan langdiens deur die toekenning van knopies

**6. Presidentsverslag:**

Die verslag word deur Seppie Esterhuysen voorgehou aan lede. Hy doen 'n oorsig van die jaar se aktiwiteite. Uit dit word besluit om lyste neer te sit by punte waar lede duiwe verkoop en dan om die kopers te nooi om by die streek betrokke te raak.

**7. Finansiële verslag:**

Diedie Esterhuysen lewer verslag van die streek se finansies. Die jaar word afgesluit met 'n netto wins van R3734.73. Op voorstel van Dawie van den Heever word die verslag aanvaar. Diedie word bedank vir die opstel van die verslag asook sy bydra om van die looitjieverkope tydens die streekskou, 'n sukses te maak. André Bruwer voel dat die opstellers van die skou vergoed moet word vir hulle onkostes. Die vergadering neem kennis.

**8. Streekskou 2019:**

'n Baie suksesvolle streekskou is gehou met 144 duiwe. Daar was 'n voorstel dat die inskrywingsgeld vir die volgende skou in 2020 verhoog moet word, maar die lede voel dat dit dieselfde (R10) moet bly. Hendriena noem dat daar kommer bestaan by die Uivoerende Komitee itv die Top 7 toekenning waar die getal duiwe per streekskou te min is. 'n Moontlike getal van minder as 200 is genoem. Om die moontlike probleem te voorkom word 'n beroep op alle lede van ons streek gedoen om te kom skou. Ander streke sal genader word om die skou by te woon en ons sal hul op een of ander manier subsidieer. Chris de Bruin sal as hoofbeoordelaar optree.

**9. Vakante Uitvoerende Komitee poste:**

9.1 Vise- President.
Geen nominasie deur streek nie.
9.2 Ringmeester
Robin Prince
9.3 Webmeester
Marleen Esterhuisen
9.4 Nasionale Redakteur
Cora Munnik

10. Terugvoering Uitvoerde Komitee vergadering 2019

Hendriena Swanepoel het namens die streek die vergadering bygewoon. Sy noem dat die getal duiwe op skou 'n invloed op die aanwys van die Top 7 duiwekan hê.

11. Bestuursverkiesing: 2019

**President:** Seppie Esterhuysen.
**Vise-President:** Dawie vd Heever
**Skoubestuuurder:** Dawie vd Heever
**Sekretaris:** Elbé Visser
**Skousekretaris:** Elbé Visser
**Tesourier:** Diedie Esterhuysen
**Beoordelaarsbeampte:** Hendriena Swanepoel
**Addisionele lede:** André Bruwer en Johandri Swanepoel.

**12. Algemene sake:**

**12.1 Top 7:**
Daar bestaan 'n moontlikheid dat as daar te min duiwe op 'n streekskou ingeskryf word, kan byvoorbeeld net 'n Kampioen duif en Reserwe Kampioen duif aangewys word. Die vergadering voel dat min duiwe op 'n skou nie beteken dat die kwaliteit duiwe ingeskryf, swak is nie. Netso beteken meer duiwe per skou nie outomaties beter kwaliteit duiwe nie.!!!!

Seppie Esterhuyzen voel dat die onus op die hoofbeoordelaar berus om die getal duiwe op die Top 7 te bepaal. Die punt sal na die Uitvoerde Komitee verwys word vir verdere bespreking.

**12.2 Sosiale geselligheid:**
André Bruwer vra of daar nie 'n behoefte is om 'n byeenkoms van lede te hou waar lede gesellig kan verkeer en saam kuier soos byvoorbeeld 'n informele duiwedag. Die vergadering vra hom om na 'n

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

datum te kyk en deur te gee aan die lede.

**12. Afsluiting:**

Seppie en Gloudina Esterhuyzen word bedank vir die beskikbaarheid van hul huis asook die heerlike ete wat later genuttig is.



Die vergadering verdaag.



## *Nasionale Jeugskou 2019*

***Awie Esterhuizen***

Die jaar was die Nasionale Jeugskou 20 – 24 September aangebied op Vryburg Skougronde. Ek en Chris de Bruin was die Beoordelaars by die Sierduiwe asook Wedvlugduiwe afdelings. Weereens was dit ‘n groot voorreg om met die kinders wat ‘n liefde vir die Duif het te kon werk en om hulle kennis en vaardighede te toets.

Die kinders se gedrag en optrede was uitmuntend om die minste te sê en ook was die perseel waarons getoets het goed belig en netjies gehou deur die skoliere. Die weer was ook sommer 3 seisoene in 4 dae – afgeskop met ‘n aardige wind die Sondag met ons aankoms. Maandag en Dinsdag pure Winter en almal soek jasse en warm goed. Woensdag begin die weer draai en Donderdag braai ons uit in die verre Wes-Transvaal. Gelukkig was tyd darem aan ons kant en ons het besluit om van die Duiweboere in die omgewing te besoek, maar almal was met vakansie behalwe wyle oom Dries van der Walt se vrou, Ta Annetjie. Dit was lekker om vir die oggend by haar te kon kuier en ons van die goeie ou dae van ons Hobby te kon gesels.

‘n Groot dankie aan al die kinders wat aan die geleentheid deelgeneem het en dankie dat julle ons liefde vir die Duif uitdra na ander daarbuite. Julle is almal wenners. Dankie aan die bestuur van Jeugskou SA vir al julle insette in die Jeug. Die Jeugskou bly ‘n lekkerte waarna mens elke jaar uitsien.

Duiwegroete










Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

**1. Book of Standards R200 each**

**2. SAFPA ties (Navy blue) R60 each**

**3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R35 each**

**4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**

**5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**

**6. Metal Member & Judges scrolls R50 each**

**7. National pocket badges (Green) R40 each**

**8. National Honour scrolls (Green) R30 each**

**9. National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R850 advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Score board

### Bank OFS Shield

| | | |
|---|---|---|
| 1. | North-of-the-Vaal: | 1892 |

### Manie Fourie Trophy

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Western Transvaal: | 1726 |
| 2. | Eastern Region: | 450 |
| 3. | KwaZulu-Natal: | 450 |
| 4. | Northern Freestate: | 403 |
| 5. | Northern Cape: | 400 |
| 6. | Eastern Province: | 350 |
| 7. | Freestate: | 0 |
| 8. | Western Cape: | 0 |
| 9. | SW Districts: | 0 |

**Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls boaan die kolom. Die streek met die meeste punte wen die BANKOVS skild en die tweede beste streek wen die Manie Fourie trofee./To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above. The best Region win the BankOFS Shield and the second best Region win the Manie Fourie trophy.**

### Bertie Wessels Trophy

**1.**

**Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan slegs oor punt 9 van die reëls./The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9 of the rules**

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229